



Opwaartse kurwe, maar...

Hy verwelkom die opwaartse kurwe in die matriekslagsyfer, maar **Michael le Cordeur** waarsku dat dit slegs een maatstaf is om die gehalte van die onderwys in Suid-Afrika te meet.

Die matriekslagsyfer van 78,2% dui daarop dat die opwaartse kurwe van die laaste paar jaar voortduur. Terwyl ek dit verwelkom, is daar steeds aspekte oor die matriekuitslae wat kommer wek. Eweneens is daar genoeg rede om opgewonde te wees. Ons moet hierdie goeie dinge nie midde al die kritiek uit die oog verloor nie.

Verlede jaar was ek skepties oor die verbetering van 4,4 persentasiepunte op 2015 se slagsyfer en die verbetering van 2,6 persentasiepunte op 2016 se uitslae.

Hoewel ek weer 'n verbetering te wagte was, het die gevoel van skeptisisme oor die verbetering van 3,1 persentasiepunte op 2017 se uitslae nie verdwyn nie. Die rol van Umalusi, wat toesig hou oor die gehalte van die matriekeksamen, moet dus in die soeklig geplaas word.

Punte-aanpassings is 'n aanvaarde onderwyspraktyk om te verseker dat ons appels met appels vergelyk. Ek het dus geen rede om prof. John Volmink, voorsitter van Umalusi, se woorde in twyfel te trek as hy verklaar dat daar in 2018 " 'n sigbare verbetering ten opsigte van die gehalte van die vraestelle en die nasien daarvan" was nie.

Ek kan my dus nie vereenselwig met die sentiment dat die uitslae aangedik is omdat ons op die voor-aand van 'n verkiesing is nie.

Van die 67 vakke is 39 se punte aanvaar, met ander woorde die meerderheid vakke se punte is onveranderd gelaat. Van die oorblywende vakke is 17 opwaarts en 11 afwaarts aangepas.

Verlede jaar is 16 vakke opwaarts aangepas, wat beteken die redes vir hierdie aanpassings is steeds aanwesig. Dit verdien Umalusi se dringende aandag.

Nuwe vakke, nuwe kansen

Een van die mees verblydende aspekte is dat die matrieks van 2018 eksamen afgelê het in 12 nuwe vakke, wat hulle met vaardighede sal toerus om vir hulself 'n plek te vind in die mededingende arbeidsmark.

Dit sluit in vakke soos tegniese wiskunde en tegniese wetenskappe, asook gebaretaal. Universiteite kry toenemend studente wat staatmaak op gebaretaal. Hiervoor verdien die departement 'n klop op die skouer.

Van die ander verblydende aspekte is die departement se strewing om sukkelende studente en matrieks met spesiale behoeftes te staan. Dit sluit in samewerking met gesondheidsdienste, en ondersteuning aan leerlinge wat "deurgesit" is om saam met hul portuurgroep te leer. Die waarde hiervan blyk uit die 60,2% van die leerlinge wat "oorgeesit" is wat geslaag het. Dit is bewys dat leerlinge wat ouer is as hul portuurgroep (omdat hulle teruggehou



Liza Hugo (links) en Lea de Bruin van die Hoërskool D.F. Malan in Bellville vier gisteroggend hul matriekuitslae nadat hulle dit by die skool gekry het. Foto: JACO MARAIS

“ 'n Goeie opvoeding is dikwels die enigste erflating wat ons aan 'n arm kind kan gee. Waarom dit ook van hulle ontnem?

is), die skool verlaat as hulle matriek driup.

Ook die Rally to Read-program werp vrugte af. Dit is 'n vlagskipprojek van die Read Educational Trust, 'n nieregigeringsorganisasie wat in samewerking met die departement geletterdheid in skole bevorder deur aan skole hulpbronne te verskaf en onderwysers op te lei om leerlinge beter te leer lees.

'n Goeie leesverbeteringsplan om onderwysers in die klas te help, is noodsaaklik: Hoe beter leerlinge lees, des te beter kan hulle leer. Dit bly egter kommerwekkend dat onderwysers tot matriek wag voordat hulle met hierdie programme begin.

Minder onderskeidings

Volgens Angie Motshelga, minister van basiese onderwys, het 800 800 matrieks 2018 se matriekeindexamen afgelê – aldus haar die meeste tot nog toe. Van die 800 800 het 33,6% (172 043) gekwalifiseer vir voorgraadse studies, teenoor die

28,7% (153 610) van 2017.

Of dit 'n verbetering is, is 'n ope vraag omdat die departement in September aangekondig het dat 'n matriekulant enige vier vakke van sy keuse kan slaag om vir graadstudies in aanmerking te kom. In die verlede het slegs uitgesoekte keusevakke jou toelating gegee.

Selfs met hierdie toegewing het die getal onderskeidings van 161 080 in 2017 tot 157 880 in 2018 gedaal.

Boonop het die getal onderskeidings in die sogenaamde "gateway"-vakke, naamlik wiskunde, fisiese en lewenswetenskappe, rekeningkunde en ekonomie met 4,6 persentasiepunte tot 58 806 gedaal.

Hierdie syfer is belangrik, want in wese is dit net dié matriekulante wat 'n realistiese kans het om suksesvol op universiteit te wees.

Natuurlik sal daar uitsonderings wees, maar prof. Jonathan Jansen se waarskuwing dat matriekuitslae geen aanduiding is van sukses aan 'n universiteit nie, is geldig.

Soos hy tereg aandui, is die aantal onderskeidings nie belangrik nie. Wat wel van belang is, is water vaardighede jy leer en of jy dit kan gebruik om 'n bydrae tot die ekonomie te maak.

Gehalte van onderrig

Een ding moet ek die minister gelyk gee: As ons die uitslae wil verbeter, moet ons die gehalte van die onderrig verbeter.

In hierdie opsig is daar steeds te

veel skole en onderwysers wat leerlinge in die steek laat. Dit gries my dat onderwysers hul salarisontvang terwyl hulle voor hul siele weet dat hulle nie hul werk doen nie.

Ek sal ook my plig verstum as ek niks sou sê oor gevalle waar leerlinge as politieke speelballe gebruik word nie. In sommige gevalle is leerlinge vir ses maande uit die skool gehou, byvoorbeeld in die Noord-Kaap waar skole gesluit is weens politieke onrus.

'n Goeie opvoeding is dikwels die enigste erflating wat ons aan 'n arm kind kan gee. Daarom dit ook van hulle ontnem?

Die afwesighedsyfer van onderwysers in die Wes-Kaap is skrikwekkend (ek dra nie kennis van ander provinsies nie).

Dit is nou die derde agtereenvolgende jaar dat die slagsyfer in dié provinsie daal – van 82,7% tot 81,5% nadat dit in 2017 met 3,2 persentasiepunte gedaal het. Dié provinsie het lankal sy toposisie aan Gauteng afgestaan, en is intussen ook deur die Vrystaat verbygesteek.

As iemand ooit gewonder het oor die vernietigende invloed van die benedekultuur op skole, dan weet ons dit nou. Bendes het die potensiaal om sommige skole op die Kaapse Vlakte lam te lê. Dit vra vir dringende ingryping.

Maak arm skole 'n prioriteit

'n Woord van vermaning aan Motshelga: Moet nie te veel belofes

maak nie.

Haar strewing om elke kind toe te rus met tegnologie soos 'n tablet of skootrekenaar word verwelkom, maar die verskeie voorvalle waar handboeke nooit by skole opgedaag het nie, is nog vars in die geheue.

Ook haar belofte om daadwerklike verbetering te bring aan vroeë-kindontwikkeling (lees gr. R), sal enige juffrou in die grondslagfase se hart verbly, maar ons wat in die stelsel werk of gewerk het, ken die teleurstellings in hierdie verband.

Soos verlede jaar speel armoede steeds 'n te groot rol in die vordering van leerlinge.

Die bewys hiervan is dat agt van die tien distrikte wat die beste gevaar het, in Johannesburg is, waar leerlinge toegang het tot hulpbronne. Daarenteen presteer landelike provinsies soos die Oos-Kaap, Mpumalanga en die Noord-Kaap steeds die swakste.

Die departement behoort skole wat oor geen of min hulpbronne beskik 'n prioriteit te maak voordat hulle begin om tablette en skootrekenaars uit te deel.

Waar staan ons nou?

Ons kan gerus ophou om Suid-Afrika met lande in die ontwikkelde wêreld te vergelyk.

Dis soos om ons private skole te vergelyk met townshipskole. Die speelveld is nie gelyk nie. Dis onrealisties en gee 'n verwronge beeld van ons ware potensiaal. In Afrika is dit net Marokko en Egipte wat beter as ons vaar.

Motshelga is nou reeds 15 jaar in haar pos. Dit is erkenning vir haar hard en eerlike werk. Maar ek wonder tog of dit nie tyd is vir nuwe bloed en 'n nuwe visie nie.

Ten slotte moet daar ook erkenning gegee word aan daardie onderwysers wat ten spyte van die moeilike omstandighede steeds bo hul vermoëns uitstyg.

Hierdie onderwysers kry selde erkenning, maar dis hulle – ek noem hulle die sout-van-die-aarde-onderwysers – wat die onderwysstelsel daaglik aan die gang hou. Ek sal uer hulle.

Ek is steeds positief dat ons elke jaar nader aan Madiba se droom beweeg waar die seun van die mynwerker die einaar van die myn word en waar die dogter van 'n plaaswerker die president kan word. Daarvoor benodig ons baie meer sout-van-die-aarde-onderwysers. En hulle is steeds te yl gesaai.



Prof. Le Cordeur is hoof van die departement kurrikulumstude in die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit Stellenbosch.

